**Sondag 27 November**

**Skrifgedeelte: Lukas 2:51-52**
**Fokusgedeelte: Lukas 2:51c**

## Die moederhart – God se stoorkamer

Die moederskoot is God se werkkamer (Ps. 139), maar die moederhart is God se stoorkamer. Daarin bêre Hy alles wat die moederliefde kan voed – meer as genoeg vir ’n hele leeftyd.

Dit is nodig omdat ons met ouerskap altyd iewers tussen seën en swaard staan. Maria moes hoor: *“Geseënd is jy onder die vroue”* (Luk. 1:43), maar ook: *“’n swaard sal deur jou siel gaan”* (Luk. 2:35). Kinders kan die lewe met vreugde vul, maar ook onmeetlike droefheid veroorsaak. Maria sou dit by krip en kruis beleef. Oor dit alles seëvier egter die liefde. ’n Ouer bly liefhê, ongeag. *“Kan ’n vrou haar baba vergeet?”* (Jes. 49:15).

Selfs in die ongelowige moederhart plaas die Here die intuïtiewe band tussen moeder en kind, wat reeds voor geboorte bestaan. Dit word met die ervaring van geboorte, die eerste oogkontak, geluide, lag, woorde, treë, tande en nog duisende ander ervarings aangevul. Wanneer die tyd kom, gaan die moeder na haar hart en oordink al die mooi dinge wat God daar weggesit het (Luk. 2:19).

In die gelowige moederhart plaas God egter ook nog iets meer. Hy plaas daar die troosryke wonder van die kindjie se verhouding met God. Niks troos en verwonder só soos God se verhouding met en liefde vir ons kinders nie. Hierdie wete bring ook die regte uitsig op moederliefde, naamlik dat dit op sy beste ’n weerkaatsing van die onuitputlike en ewige verbondsliefde is wat God in sy Seun aan ons en ons kinders bewys het.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1, 2*

*Dr. WC (Wim) Vergeer (Krugersdorp)*